University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## HOOFSTUK 1

## BRITSE BELEID TEENOOR BOEREKRYGSGEVANGENES

Alvorens die lewe in die krygsgevangekampe van nader beskou word, is dit nodig om kortliks na die Britse beleid jeens die Boerekrygsgevangenes te kyk.

Met die woord "krygsgevangenes" word bedoel lede van 'n oorlogvoerende krygsmag (insluitende burgermagte en vrywilligerskorpse) wat in die hande van die vyand val. Hierby word ook ingesluit nie-stryders wat direkte diens aan die oorlogvoerende krygsmag lewer.[1]

In Julie 1899 is daar 'n konvensie in Den Haag gehou, met die doel om onder meer maatstawwe daar te stel, wat omstandighede tydens oorlogvoering sou versag of verbeter. Die Haagse Konvensie het dan ook sekere van die gebruike en wette van oorlogvoering hersien. Daardeur is gepoog om die onnodige lyding van almal wat in die oorlog betrokke was of daardeur geraak is (krygsgevangenes dus ingesluit), uit te skakel.[2]

Die ondertekenaars van die Konvensie het hulle daartoe verbind om alle krygsgevangenes volgens die Landoorlogsreglement, wat tydens die Konvensie opgestel is, te behandel. Sedertdien is die reglement verskeie kere hersien en by moderne omstandighede aangepas.[3]

---

[1] Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 8*, p. 1554; W.T. Stead, *Methods of barbarism*, p. 19; Microsoft Corporation, *Microsoft Encarta 97 Encyclopedia CD-Rom*, keyword: Prisoners of war.

[2] Internet: http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html - a web page about The Hague Convention of 1899; W.T. Stead, *Methods of barbarism*, pp. 17-18; Microsoft Corporation, *Microsoft Encarta 97 Encyclopedia CD-Rom*, keyword: Hague Conferences.

[3] Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 8*, p. 1554; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S.), p. 2.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Met bogenoemde in gedagte is dit belangrik om daarop te let dat die twee Boererepublieke nie ondertekenaars van die Konvensie was nie, terwyl Brittanje dit wel onderteken het. 'n Mens kan nou die vraag vra of die bepalings van die Haagse Konferensie van 1899 op die Anglo-Boereoorlog van toepassing was. Tog kan die bepalings as norm vir die twee strydende partye van die Anglo-Boereoorlog beskou word, omdat die Konvensies 'n weerspieëling van die kontemporêr aanvaarde oorlogsgebruike op land was. Die Britse regering het dan ook van hierdie standpunt uitgegaan.[4]

Volgens die internasionale gebruik van die tyd, het krygsgevangenes nie die beskerming van die wet van die volk of nasie wat hulle gevange geneem het, geniet nie. Ter beskerming van krygsgevangenes het die Landoorlogsreglement daarom onder meer bepaal dat krygsgevangenes menslik behandel moet word en dat hulle in die mag van die vyandige regering (in hierdie geval die Britse regering) was, en nie in dié van die individue of korpse wat hulle gevang het nie. Verder mag weerwraak ook nie op hulle geneem word nie. Wat eiendom betref het die Landoorlogsreglement bepaal dat al die persoonlike eiendom van krygsgevangenes, buiten wapens, perde en militêre papiere hulle eiendom bly.[5]

Uit amptelike dokumente blyk dit dat die Britse militêre owerheid, in ooreenstemming met die Haagse Konvensie, die Boerekrygsgevangenes as soldate beskou en behandel het. Die krygsgevangenes was byvoorbeeld geregtig op 'n volle soldate-rantsoen.[6] Soos ook later sal blyk, het die Britte soms nietemin afgewyk hiervan, en die krygsgevangenes se rantsoene beperk. As soldate was die krygsgevangenes ook onderworpe aan die wette en regulasies wat in die Britse leër gegeld het. Hulle kon byvoorbeeld gestraf word vir opstandigheid en ander ernstige

---

4 S.B. Spies, *Methods of barbarism*, pp. 12-14; A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 4.

5 Internet: http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html - a page about The Hague Convention of 1899; W.T. Stead, *Methods of barbarism*, p. 19; Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 8*, p. 1554.

6 Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kolonel C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; Internet: http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html - a page about The Hague Convention of 1899.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



oortredings.[7]

Een aspek van Britse beleid teenoor krygsgevangenes, wat direk in botsing was met die Haagse Konvensie, was die behandeling van krygsgevangenes wat probeer ontsnap het. Volgens die Konvensie was dit verbode om krygsgevangenes wat probeer ontsnap, te skiet, en mag hulle slegs aan dissiplinêre maatreëls onderwerp word. Britse beleid het nietemin bepaal dat enige krygsgevangene wat probeer ontsnap, geskiet sou word.[8]

Uit hierdie en ander gegewens wat later verstrek sal word, blyk dit dat die Britte nie altyd streng by die bepalings van die Haagse konvensies gehou het nie, maar wel gepoog het om dit na te kom.

'n Ander aspek van die Britse beleid wat 'n baie groot invloed op die lewe in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe gehad het, was die verbanning van krygsgevangenes na oorsese kampe.

Dit wil voorkom asof daar nie eensgesindheid onder die Britse leierskorps was oor die wegstuur van krygsgevangenes na oorsese kampe nie. Sir Alfred Milner, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, was byvoorbeeld daarteen gekant. Hy het gevoel dat die Boere se vrees vir 'n seereis hulle sou ontmoedig om hulle self oor te gee, en het daarom groot krygsgevangekampe bepleit. Lord Kitchener wat die opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika was, het in teenstelling hiermee in Junie 1901 aanbeveel dat al die krygsgevangenes en hul families permanent uit Suid-Afrika gedeporteer word.[9]

Hoe dit ook al sy, dit was vroeg reeds duidelik dat die Britse owerheid heeltemal onvoorbereid was om die groot aantal republikeinse krygsgevangenes te huisves. Hierdie gevangenes is, soos

---

7 Internet: http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html - a page about The Hague Convention of 1899; TAB, Pretoria, S.O.P. 2, PR/A 206: Kol. J. StClair - Kol. C. Heyman: Rules for discipline of prisoners of war, 1900.04.30.

8 Internet: http://www.lib.byu.edu/~rdh/wwi/hague/hague2.html - a page about The Hague Convention of 1899; W.T. Stead, *Methods of barbarism*, p. 20; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17.

9 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes...*, pp. 35-37.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



genoem, aanvanklik op groot vragskepe in Simonstad se hawe aangehou, totdat huisvesting in die pas opgerigte kampe beskikbaar was. Die krygsgevangenes is toe na kampe in Simonstad en Kaapstad en ook na Ladysmith en Durban gestuur en daar aangehou. Die Britse owerheid was egter genoop om ook ander maatreëls te tref, en van die eerste helfte van 1900 af is krygsgevangekampe in sy oorsese kolonies opgerig. Die redes hiervoor was eerstens dat die Britte 'n inval in die Kaapkolonie en die gevolglike ontsetting van die krygsgevangenes gevrees het. Tweedens wou hulle die kanse op ontsnapping so gering moontlik maak en derdens het hulle gehoop dat die verbanning oorsee, 'n demoraliserende uitwerking op die burgers te velde sou hê. Verder het die toenemende getal krygsgevangenes ook hierdie maatreëls genoodsaak.[10]

Die krygsgevangekampe in Suid-Afrika, waarvandaan die krygsgevangenes na die 31 oorsese kampe gestuur is, het daarna die karakter van deurgangskampe gekry. Die lewe in die deurgangskampe is gekenmerk deur ‘n voortdurende kom en gaan van krygsgevangenes. Veral in die Natalse kampe het dit tot gevolg gehad dat die kamplewe byna geen vertakkinge ontwikkel het nie. In die twee Kaapse kampe was daar ‘n groter mate van stabiliteit en het die kamplewe meer vertakkinge getoon omdat die krygsgevangenes vir langer periodes daar aangehou is. Dit is ook waarskynlik die rede waarom die lewe in die Kaapse kampe beter in dagboeke, koerante ensovoorts gedokumenteer is.

[10] Ensiklopedie Afrikana, *Wêreldfokus 8*, pp. 1553-1554; K. Roodt-Coetzee, Die lief en leed van die banneling, *in* J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 507-509; J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*, p. 11.